

13 Maart

Lees: Jeremia 4:1-4
Fokusgedeelte: Jeremia 4:1 (1983-vertaling)

Bekering / Omkeer

Die boek Jeremia het die sentrale tema dat God die enigste Here is en dat almal voor sy wil moet buig en Hom alleen moet dien. Die mense van Juda het nie geleef soos God van hulle gevra het nie, hulle het juis volgens hulle eie wil gelewe.

As gevolg van hierdie ongehoorsaamheid roep God die volk deur Jeremia in hoofstuk 3 en 4 op om na Hom toe terug te kom. In vers 1 eis God dat hulle die afskuwelike afgode voor Hom moet wegvat en dan nie weer dwaal nie. God eis 'n totale omkeer van sy volk en nie net 'n tydelike of gedeeltelike bekering nie. Hulle moet vir eens en altyd hulle rug draai op die sonde en ten volle na God en sy wil terugkeer. God het die volk leer ken as mense wat nie werklik 'n woord het nie en die een moment die regte dinge sê en doen en dan die volgende moment weer hulle rug op God draai. God eis hier dat dit nie weer moet gebeur nie, maar dat hulle getrou aan Hom moet bly.

Ons weet dat God van ons eis om daaglik getrou aan Hom alleen te bly, maar dit gebeur nie altyd nie. So maklik raak ander afgode soos geld, aansien, TV en sport die belangrikste in ons lewens. God eis dat ons onder leiding van die Heilige Gees vir eens en altyd hierdie afgode uit ons lewens sal verwyder en dat God die sentrale plek in ons lewens sal inneem deur ons daaglik te bekeer en van die sonde af weg te draai.

Dit moet 'n totale bekering wees en nie net iets tydelik of gedeeltelik in ons lewens nie. Ons moet uit dankbaarheid vir ons verlossing in Christus aan God alleen gehoorsaam en onderdanig wees. In Christus moet ons alleen na God se wil vra en ons eie wil versaak.

Sing: Psalm 25: 2, 9 (1936)

Ds. AN (Nikla) du Plessis (Postmasburg)